METAIR BELEGGINGS BEPERK

(GEÏNKORPOREER IN DIE REPUBLIEK VAN SUID AFRIKA)

("Metair" of "die Groep")

TUSSENTYDSE VERSLAG VIR DIE SES MAANDE GEËINDIG 30 JUNIE 2010 EN HANDELSVERKLARING

(Reg Nr. 1948/031013/06)
Aandelekode: MTA ISIN kode: ZAE 000090692

• WVPA verhoog na 89 spa • Kontant voortgebring deur bedryfsaktiwiteite van R224 miljoen • Netto kontant op hande verhoog met R130 miljoen na R210 miljoen • Spesiale dividend van 60 spa verklaar

Groepinkomstestate

	Ses maande geëindig		Jaar geëindig
	30 Junie 2010 R'000 Ongeouditeer	30 Junie 2009 R'000 Ongeouditeer	31 Desember 2009 R'000 Geouditeer
Omset	**1 836 578**	1 659 433	3 342 053
Koste van verkope	**(1 455 108)**	(1 438 443)	(2 807 100)
Bruto wins	**381 470**	220 990	534 953
Ander bedryfsinkomste	**25 017**	35 640	109 711
Waardedaling van bates	**(1 838)**	(30 544)	(47 082)
Verspreidings-, administratiewe en ander uitgawes	**(225 589)**	(227 613)	(455 665)
Bedryfswins/(verlies)	**179 060**	(1 527)	141 917
Rente inkomste	**12 097**	3 665	13 243
Rente uitgawe	**(10 880)**	(22 412)	(37 360)
Deel van verwante maatskappye se wins/(verlies)	**6 801**	(216)	419
Wins/(verlies) voor belasting	**187 078**	(20 490)	118 219
Inkomstebelasting	**(53 783)**	(7 324)	(55 023)
Wins/(verlies) vir die periode	**133 295**	(27 814)	63 196
Toedeelbaar aan:			
Ekwiteitshouers van die maatskappy	**124 430**	(27 283)	52 210
Nie-beherende belange	**8 865**	(531)	10 986
	133 295	(27 814)	63 196
Waardevermindering en amortisasie	**(63 554)**	(46 152)	(108 468)
Basiese verdienste/(verlies) per aandeel (sente)	**87**	(19)	37
Wesensverdienste/(verlies) per aandeel (sente)	**89**	(3)	67
Dividend per aandeel (sente)	**15**		
Aantal uitgereikte aandele ('000)	**152 532**	152 532	152 532
Berekening van wesensverdienste/(verlies) per aandeel (R'000)			
Netto wins/(verlies) toedeelbaar aan gewone aandeelhouers	**124 430**	(27 283)	52 210
Waardedaling afskrywingskoste	**1 838**	30 544	47 082
Belastingverligting		(5 620)	(5 620)
Waardedaling afskrywingskoste toedeelbaar aan nie-beherende belange		(3 627)	(3 628)
Verlies/(wins) met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting	**152**	2 212	5 342
Wesens verdienste/(verlies)	**126 420**	(3 774)	95 386
Geweegde gemiddelde aantal aandele uitgereik ('000)	**142 352**	141 707	142 352

Verwaterde verdienste per aandeel

Geen verwaterde verdienste per aandeel is getoon vir die jaar geëindig 31 Desember 2009 asook vir die ses maande geëindig 30 Junie 2010 en 2009. Aandeleopsies ten opsigte van die Metair Aandeletrust in nie-verwaterd nie.

Groep staat van omvattende inkomste

	Ses maande geëindig		Jaar geëindig
	30 Junie 2010 R'000 Ongeouditeer	30 Junie 2009 R'000 Ongeouditeer	31 Desember 2009 R'000 Geouditeer
Wins/(verlies) vir die periode	**133 295**	(27 814)	63 196
Ander omvattende inkomste:			
Aktuariële winste erken direk in ekwiteit			
Bruto			21 118
Uitgestelde belasting			(5 910)
Netto ander omvattende inkomste			15 208
Totale omvattende inkomste vir die periode	**133 295**	(27 814)	78 404
Toedeelbaar aan:			
Ekwiteitshouers van die maatskappy	**124 430**	(27 283)	66 932
Nie-beherende belange	**8 865**	(531)	11 472
	133 295	(27 814)	78 404

Groep state van kontantvloeie

	Ses maande geëindig		Jaar geëindig
	30 Junie 2010 R'000 Ongeouditeer	30 Junie 2009 R'000 Ongeouditeer	31 Desember 2009 R'000 Geouditeer
Bedryfsaktiwiteite			
Wins/(verlies) voor belasting	**187 078**	(20 490)	118 219
Nie-kontant items	**32 732**	112 024	149 394
Bedryfskapitaalverandering	**4 437**	23 765	145 642
Kontant voortgebring deur bedryfsaktiwiteite	**224 247**	115 299	413 255
Finansieringskoste	**(10 880)**	(22 412)	(37 360)
Inkomstebelasting betaal	**(29 373)**	(41 508)	(70 663)
Dividende betaal	**(21 015)**		(8 441)
Dividendinkomste vanaf verwante maatskappy		14 700	20 695
Netto kontant invloei deur bedryfsaktiwiteite	**162 979**	66 079	317 486
Beleggingsaktiwiteite			
Beleggingsinkomste	**12 097**	3 665	13 243
Netto kontant aangewend in ander beleggingsaktiwiteite	**(46 308)**	(27 488)	(94 043)
Netto kontant aangewend in beleggingsaktiwiteite	**(34 211)**	(23 823)	(80 800)
Netto kontantuitvloei deur finansieringsaktiwiteite	**(85 248)**	(9 551)	(22 493)
Netto toename in kontant en kontantekwivalente	**43 520**	32 705	214 193
Kontant en kontantekwivalente aan begin van periode	**232 543**	18 350	18 350
Kontant en kontantekwivalente aan einde van periode	**276 063**	51 055	232 543

Aantekeninge tot die verkorte gekonsolideerde tussentydse finansiële state

Rekeningkundige beleid

Hierdie gekonsolideerde verkorte tussentydse finansiële inligting is opgestel volgens die erkennings- en metingsvereistes van al die toepaslike standpunte en interpretasies van Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde (IFRS) en word aangebied in terme van die openbaarmakingsvereistes soos uiteengesit in IAS34 – Tussentydse Finansiële Verslagdoening. Die rekeningkundige beleid toegepas op die tussentydse finansiële inligting stem ooreen met die van die finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 31 Desember 2009.

Hierdie verkorte verslag is nie deur die ouditeure nagegaan nie.

Voorwaardelike aanspreeklikhede

Bank en ander waarborge deur die Groep uitgereik soos op 30 Junie 2010 beloop R6,6 miljoen (R6,2 miljoen soos op 30 Junie 2009).

Lenings

	Ses maande geëindig		Jaar geëindig
	30 Junie 2010 R'000	30 Junie 2009 R'000	31 Desember 2009 R'000
Korttermyn	**20 079**	19 421	97 298
Bankoortrekking netto van kontant	**(276 063)**	(51 055)	(232 543)
Langtermyn	**45 675**	169 096	54 217
Totaal	**(210 309)**	137 462	(81 028)
Die beweging in lenings kan as volg ontleed word:			
Openingsaldo	**(81 028)**	180 901	180 901
Terugbetalings	**(129 543)**	(43 604)	(263 606)
Lenings aangegaan	**262**	165	1 677
Sluitingsaldo	**(210 309)**	137 462	(81 028)

Verklaring van Spesiale Dividend

Kennis geskied hiermee dat 'n spesiale dividend van 60 sent per gewone aandeel, ten opsigte van die ses maande geëindig 30 Junie 2010, verklaar is. Die laaste dag van handel cum dividend sal Vrydag 10 September 2010 wees. Handel sal weer ex dividend van Maandag 13 September 2010 voortgaan en rekorddatum sal op Vrydag 17 September 2010 wees. Die betalingsdatum sal Maandag 20 September 2010 wees.

Geen aandelesertifikate mag ge-dematerialiseer of ge-rematerialiseer word tussen Maandag 13 September 2010 en Vrydag 17 September 2010, altwee dae ingesluit.

REGISTRATEURS
Computershare Investor Services (Pty) Limited
Marshallstraat 70
JOHANNESBURG
2001

BORG
Barnard Jacobs Mellet Corporate Finance (Pty) Limited

Onderteken namens die raad

O M E Pooe — Voorsitter
C T Loock — Besturende Direkteur
JOHANNESBURG, 12 Augustus 2010

Groepbalansstate

	30 Junie 2010 R'000 Ongeouditeer	30 Junie 2009 R'000 Ongeouditeer	31 Desember 2009 R'000 Geouditeer
BATES			
Nie-bedryfsbates			
Eiendom, aanleg en toerusting	**662 815**	692 177	657 892
Ontasbare bates	**30 553**	29 313	29 514
Beleggings in verwante maatskappye	**26 948**	25 507	20 147
Pensioenfonds-bate	**21 240**		19 962
Uitgestelde belasting	**22 839**	62 305	34 970
	764 395	809 302	762 485
Bedryfsbates			
Voorraad	**522 635**	582 253	518 091
Handels- en ander ontvangbare rekeninge	**454 510**	381 859	428 076
Afgeleide finansiële bates	**3 638**	7 382	160
Belasting		15 274	9 700
Kontant en kontantekwivalente	**313 706**	153 137	282 205
	1 294 489	1 139 905	1 238 232
Totale bates	**2 058 884**	1 949 207	2 000 717
EKWITEIT EN AANSPREEKLIKHEDE			
Kapitaal en reserwes			
Aandelekapitaal en -premie	**42 876**	42 876	42 876
Tesourie-aandele	**(123 776)**	(124 532)	(124 289)
Aandeelgebaseerde betalingsreserwe	**4 952**	3 389	3 389
Nie-verdeelbare reserwes	**23 110**	21 669	16 309
Behoue inkomste	**1 245 578**	1 049 469	1 148 964
Gewone aandeelhouersbelang	**1 192 740**	992 871	1 087 249
Nie-beherende belange	**105 699**	93 059	96 772
Totale aandeelhouersbelang	**1 298 439**	1 085 930	1 184 021
Nie-bedryfslaste			
Rentedraende lenings	**45 675**	69 096	54 217
Kumulatiewe aflosbare voorkeuraandele ten opsigte van The Metair Share Incentive Trust		100 000	
Na-aftrede mediese voordele	**19 496**	18 274	19 246
Pensioenfonds-las		3 594	
Uitgestelde belasting	**71 698**	92 850	83 778
	136 869	283 814	157 241
Bedryfslaste			
Handels- en ander bedryfslaste	**476 684**	358 962	441 784
Lenings	**20 079**	19 421	97 298
Belasting	**14 715**		
Voorsiening vir laste en kostes	**72 629**	85 584	60 876
Afgeleide finansiële laste	**1 826**	13 414	9 835
Bankoortrekking	**37 643**	102 082	49 662
	623 576	579 463	659 455
Totale laste	**760 445**	863 277	816 696
Totale ekwiteit en aanspreeklikhede	**2 058 884**	1 949 207	2 000 717
Netto batewaarde per aandeel (sente) toedeelbaar aan gewone aandeelhouers	**851**	710	776
Kapitaalbesteding	**47 253**	44 285	116 156
Kapitaalaanspreeklikhede			
– gekontrakteer	**57 770**	44 746	28 398
– gemagtig maar nie gekontrakteer	**33 787**	34 412	24 986

Konferensieoproep

Aandeelhouers word hiermee in kennis gestel dat 'n konferensieoproep oor hierdie resultate gehou sal word op Vrydag 13 Augustus 2010 om 10h00. Besonderhede van die konferensieoproep is bekend gemaak op SENS en is ook op die webtuiste gepos.

Groep state van veranderings in ekwiteit

	Aandelekapitaal en -premie R'000	Tesourie aandele R'000	Aandeelgebaseerde betalingsreserwe R'000	Nie-verdeelbare reserwes R'000	Behoue inkomste R'000	Toedeelbaar aan ekwiteits-houers van die maatskappy R'000	Nie-beherende belange R'000	Totale ekwiteit R'000
Half jaar geëindig 30 Junie 2010								
Saldo op 1 Januarie 2010	**42 876**	**(124 289)**	**3 389**	**16 309**	**1 148 964**	**1 087 249**	**96 772**	**1 184 021**
Netto wins vir die periode					**124 430**	**124 430**	**8 865**	**133 295**
Totale omvattende inkomste vir die periode					**124 430**	**124 430**	**8 865**	**133 295**
Werkgewer aandeleopsieskema:								
– Waarde van dienste verskaf			**1 563**			**1 563**	**62**	**1 625**
Netto verandering in tesourie aandele		**513**				**513**		**513**
Oordrag van verwante wins en dividend				**6 801**	**(6 801)**			
Dividend					**(21 015)**	**(21 015)**		**(21 015)**
Saldo op 30 Junie 2010	**42 876**	**(123 776)**	**4 952**	**23 110**	**1 245 578**	**1 192 740**	**105 699**	**1 298 439**
Half jaar geëindig 30 Junie 2009								
Saldo op 1 Januarie 2009	42 876	(124 532)	3 389	36 585	1 061 756	1 020 074	93 590	1 113 664
Netto verlies vir die periode					(27 283)	(27 283)	(531)	(27 814)
Totale omvattende inkomste vir die periode					(27 283)	(27 283)	(531)	(27 814)
Werkgewer aandeleopsieskema:								
– Waarde van dienste verskaf			80			80		80
Oordrag van verwante wins en dividend			(80)	(14 916)	14 996			
Saldo op 30 Junie 2009	42 876	(124 532)	3 389	21 669	1 049 469	992 871	93 059	1 085 930
Jaar geëindig 31 Desember 2009								
Saldo op 1 Januarie 2009	42 876	(124 532)	3 389	36 585	1 061 756	1 020 074	93 590	1 113 664
(Verlies)/wins vir die periode					52 210	52 210	10 986	63 196
Aktuariële winste					14 722	14 722	486	15 208
Totale omvattende inkomste vir die periode					66 932	66 932	11 472	78 404
Netto verandering in tesourie aandele		243				243		243
Oordrag van verwante wins en dividend				(20 276)	20 276			
Dividend							(8 290)	(8 290)
Saldo op 31 Desember 2009	42 876	(124 289)	3 389	16 309	1 148 964	1 087 249	96 772	1 184 021

Segment oorsig

vir die ses maande geëindig 30 Junie 2010

	Plaaslik			Direkte uitvoere					
	Oorspronklike toerusting vervaardigers	Vervangings-mark	Ander	Oorspronklike toerusting vervaardigers	Vervangings-mark	Ander	Eiendom verhuring	Rekonsiliasie items	Totaal
Omset	**1 112 569**	**436 756**	**177 027**	**41 875**	**51 962**	**16 389**	**28 887**	**(28 887)**	**1 836 578**
Wins/(verlies) voor rente en belasting	**58 219**	**82 422**	**17 893**	**3 736**	**1 164**	**(3 140)**	**28 887**	**(3 320)**	**185 861**
Finansieringskoste									**1 217**
Wins voor belasting									**187 078**
Ingesluit in bogenoemde:									
– Waardevermindering en amortisasie									**(63 554)**
– Waardedaling afskrywingskoste									**(1 838)**
vir die ses maande geëindig 30 Junie 2009									
Omset	1 019 167	368 220	166 872	30 150	55 884	19 140	27 214	(27 214)	1 659 433
(Verlies)/wins voor rente en belasting	(57 521)	26 116	13 786	(1 128)	3 474	1 754	27 214	(15 438)	(1 743)
Finansieringskoste									(18 747)
Verlies voor belasting									(20 490)
Ingesluit in bogenoemde:									
– Waardevermindering en amortisasie									(46 152)
– Waardedaling afskrywingskoste									(30 544)
vir die jaar geëindig 31 Desember 2009									
Omset	2 029 137	748 355	323 168	73 494	111 833	56 066	54 447	(54 447)	3 342 053
(Verlies)/wins voor rente en belasting	(92 848)	95 099	53 697	8 471	4 807	(836)	54 447	19 499	142 336
Finansieringskoste									(24 117)
Wins voor belasting									118 219
Ingesluit in bogenoemde:									
– Waardevermindering en amortisasie									(108 468)
– Waardedaling afskrywingskoste									(47 082)

Die rekonsiliasie items verwys na Metair hoofkantoor maatskappye asook eiendom verhuring.

KOMMENTAAR

Resultate

Die direksie maak met genoeë die resultate vir die eerste helfte van 2010 aan aandeelhouers bekend.

Wesensverdienste per aandeel vir die tydperk was 89 sent per aandeel, vergeleke met die verlies van 3 sent per aandeel in die vorige vergelykende tydperk. Basiese verdienste vir die tydperk was 87 sent per aandeel (2009: 19 sent per aandeel verlies).

Die totale omset het met 11% tot R1 837 miljoen gestyg danksy die verkryging deur die Groep van nuwe besigheid van 'n Oorspronklike Toerustingvervaardiger ("OTV"), VWSA, wat 'n nuwe toetreevlakvoertuig vir die plaaslike mark bekend gestel het. Die beter marges was die gevolg van onder meer die positiewe gevolge van die herstrukturering wat in 2009 plaasgevind het, groter volumes en die einde van onwinsgewende besighede.

Plaaslike Oorspronklike Toerusting ("OT") se omset het met 9,2% tot R1 113 miljoen gestyg en het 'n wins voor rente en belasting van R58 miljoen (2009: R58 miljoen verlies) opgelewer.

Die omset in die plaaslike namarksegment het met 18,6% tot R437 miljoen toegeneem, met 'n wins voor rente en belasting van R82 miljoen. Dis 'n toename bo die omset van R368 miljoen en bedryfswins van R26 miljoen in die vorige vergelykende tydperk.

Die plaaslike niemotorvoertuigbesigheid het met 6% tot R177 miljoen gegroei en die wins voor rente en belasting het van R14 miljoen tot R18 miljoen gestyg.

Uitvoer in al die segmente het met net 4,8% gegroei tot R110 miljoen terwyl die rand gedurende die tydperk sterk gebly het.

Die Groep het ook sy segmentele verslagdoening uitgebrei om sy uitgebreide belegging in eiendom in te sluit. Vergelykende informasie is dienooreenkomstig aangepas. Inkomste uit eiendom berus op markverwante koerse wat op die gebied van toepassing is. Inkomste toeskryfbaar aan hierdie segment van die mark het gedurende die tydperk op R29 miljoen te staan gekom.

Ander bedryfsinkomste van R25 miljoen sluit onder meer in staatstoekennings, kontantkortings ontvang, slegte skuld verhaal en toenames in billike waarde.

Die waardedaling van R1,8 miljoen was die gevolg van 'n afwaartse waardasie van masjinerie en toerusting by Alfred Teves Brake Systems (Eiendoms) Beperk in verband met kontrakte vir OTV's.

Die Groep se kostebesparings- en doeltreffendheidsverbeteringsaktiwiteite het meegebring dat distribusie-, administrasie- en ander koste met 1% gedaal het.

Kontant voortgebring deur bedryfsaktiwiteite was R224 miljoen. Gedurende die periode is lenings van R86 miljoen terugbetaal en die netto kontant op hande aan die einde van die periode was R210 miljoen vanaf R81 miljoen op jaareinde.

Oorsig van bedrywighede

Die Groep het steeds op kontantbestuur, kostebeheer en vervaardigingsuitnemendheid gefokus. Alle besighede in die Groep het positief bygedra tot winste en het vrye kontantvloei opgelewer. OT-produksie het 213 905 voertuie behels, vergeleke met 165 050 in die eerste helfte van verlede jaar. Gedurende die 2009-boekjaar is die Groep se filiale herstruktureer om op 'n volhoubare grondslag ten minste kontantvloeineutraal te wees teen die laer produksievolumes. Die Groep was dus in 'n goeie posisie om munt te slaan uit die beter ekonomiese toestande wat in die eerste helfte van die jaar ondervind is.

Die aantal selfaangedrewe voertuie op die pad in Suid-Afrika (voertuigvloot) word op 8,1 miljoen voertuie geraam, vergeleke met 7,2 miljoen voertuie vier jaar gelede. Die groei in die grootte van die voertuigvloot steun Metair se strategie van voortgesette fokus op die vergroting van sy namarkpenetrasie.

Die OT-besigheid bly 'n belangrike deel van Metair se besigheid. Die toekomstige sukses van hierdie sektor sal daarvan afhang of Metair besigheid van die OTV's kry wanneer nuwe modelle bekend gestel word, teen redelike marges, en mededingend bly relatief tot laekostelande soos Indië en Sjina. Metair sal voortgaan om betrokke te raak by en saam te werk met al sy belanghebbendes, veral sy kliënte, om sy oorkoepelende vlak van mededingendheid te verbeter.

Metair sal sy kundigheid aanwend om die namark en niemotorvoertuigbesighede te vergroot. Waardetoevoegende verkrygingsgeleenthede sal ook geëvalueer word.

Bedryf

Die OT-mark het gedurende die tydperk 'n verbetering in aktiwiteit beleef met die bekendstelling van twee nuwe modelle en 'n herstel in die plaaslike vraag na voertuie. Die volgende voertuigbekendstelling word vir die tweede helfte van 2011 beplan, met 'n nuwe hoëvolume ligte handelsvoertuig met 'n hoë uitvoerpersentasie.

Die huidige siening is dat die mark homself in die tweede helfte van 2010 op die vlakke van die eerste helfte sal kan handhaaf.

Spesiale dividend

'n Spesiale dividend van 60 sent per gewone aandeel is verklaar ten opsigte van die ses maande geëindig 30 Junie 2010 en sal betaal word uit behoue inkomste.

Die rasionaal vir die verklaring van 'n spesiale dividend is dat die Groep aangepas het by die vraagvlakke, wat wesenlik laer is as voor die finansiële krisis van Oktober 2008. Die fokus op die vermindering van bedryfskapitaal en kontantbestuur het dit moontlik gemaak om 'n spesiale dividend te verklaar.

Vooruitsigte

Die prestasie in die tweede helfte van die jaar hang daarvan af of OT-produksievolumes en die vraag op huidige vlakke gehandhaaf sal word in 'n omgewing van 'n stabiele randwisselkoers wat vergelykbaar is met die wisselkoerse van die eerste helfte. Metair se huidige siening oor die totale voertuigproduksie vir die jaar is nagenoeg 422 000 passasiers- en ligte handelvoertuie.

In 'n omgewing van stabiele volume, arbeid en wisselkoers, gerugsteun deur sterk vraag in die namarksegment, behoort die prestasie in die tweede helfte vergelykbaar met dié in die eerste helfte te wees.

Die Groep is tans in moeilike jaarlikse loononderhandelings gewikkel. Enige arbeidsoptrede gedurende die tydperk sal vir Metair en die bedryf ontwrigtend wees.

Handelsverklaring

Ingevolge Diensinstruksie 13 van die Noteringsvereistes van die JSE Beperk, wat in Februarie 2010 uitgereik is, moet maatskappye 'n handelsverklaring publiseer sodra hulle daarvan bewus word dat die finansiële resultate vir die tydperk waaroor daar eersvolgend verslag gedoen moet word, met ten minste 20% gaan verskil van die finansiële resultate vir die vorige ooreenstemmende tydperk, selfs al het hy nie redelike sekerheid om 'n bestek te kan meld nie. 'n Verdere aankondiging sal dan nodig wees sodra hy sekerheid oor die bestek het.

Gevolglik word Metair-aandeelhouers in kennis gestel dat die Groep redelike sekerheid het dat die Groep se verdienste vir die jaar eindigende 31 Desember 2010 'n positiewe verandering van ten minste 20% gaan toon. Die Groep sal gevolglik 'n verdere aankondiging uitreik sodra hy sekerheid verkry het betreffende die bestek van verwagte winsgewendheid. Metair se ouditeure het nie hierdie handelsverklaring nagegaan of daaroor verslag gedoen nie.

UITVOERENDE DIREKTEURE : CT Loock (Besturend); BM Jacobs (Finansieël) **NIE-UITVOERENDE DIREKTEURE:** OME Pooe (Voorsitter); A Joffe; B Molotlegi;
ONAFHANKLIKE NIE-UITVOERENDE DIREKTEURE: RS Broadley; L Soanes*; A Galiel; JG Best **MAATSKAPPYSEKRETARIS:** SM Vermaak *Brits